HOËRSKOOL

MARTIE DU PLESSIS

HIGH SCHOOL

BELEID EN RIGLYNE: HUISWERK

Inhoud

BELEID: HUISWERK....2

WAAROM IS HUISWERK BELANGRIK?....2

VAN WATTER TIPE AKTIWITEITE PRAAT ONS?....2

'N ASSESSERINGSPLAN SAL AAN ELKE KIND GEGEE WORD....3

TERUGVOER OOR U KIND SE HUISWERK....3

MOET EK MY KIND MET HUISWERK HELP?....3

BEHOORT OUERS MET HUISWERK TE HELP?....4

HUISWERKOOREENKOMS....5

RIGLYNE OOR HOEVEEL TYD OM AAN HUISWERK TE SPANDEER....6

BELEID: HUISWERK

"Goed georganiseerde huiswerk kan 'n bepalende rol speel in die verhoging van prestasiestandaarde."

Doel

Hierdie beleid dra die belangrikheid van huiswerk oor en hoe dit u kind help om te leer, eerder as om op die hoeveelheid tyd te fokus. Die riglyne dui egter wel aan hoeveel tyd redelikerwys van leerders verwag kan word om aan huiswerk te spandeer.

Onthou dat dit nie in klip gegiet is nie, aangesien sommige leerders meer tyd nodig het om te leer of hulle huiswerk te doen.

Terwyl die meeste ouers die waarde en belangrikheid van huiswerk na waarde ag, is daar sommiges wat voel dat ons nie genoeg huiswerk gee nie en ander voel weer dat dit te veel is!

Dit is nie altyd maklik om die balans reg te kry nie, maar ons sal probeer om dit meer dikwels reg te kry as wat dit nie die geval is nie.

WAAROM IS HUISWERK BELANGRIK?

- Dit verhoog u kind se **prestasie**.
- Dit **konsolideer** en **brei** die werk **uit** wat hulle **in die skool gedoen het**.
- Dit help om **u in te lig oor u kind se skoolwerk** en laat u toe en gee u die geleentheid om hierdie werk te **ondersteun**.
- Dit is 'n **waardevolle lewensvaardigheid** en ontwikkel goeie w**erksgewoontes** vir die toekoms.

VAN WATTER TIPE AKTIWITEITE PRAAT ONS?

Ons huiswerk-aktiwiteite hou verband met die werk wat u kind in die skool doen en sal nie altyd geskrewe werk wees nie.

Vir kleiner kinders sal dit gewoonlik die volgende wees:

- **Lees** saam met ouers of voogde
- **Speletjies** of **aktiwiteite** om **geletterdheid**, **wiskunde** of ander **vaardighede** te oefen

Vir ouer kinders kan huiswerk ook die volgende insluit:

- **Studeer** vir assesserings
- **Lees**
- 'n Aanbieding **voorberei** vir die klas
- **Inligting** vind
- **Ontwerp** of **maak** iets

- Probeer ‘n eenvoudige wetenskap-**eksperiment** doen
- **Probleme oplos**
- Voltooi **werkopdragte**/**projekte**/**aktiwiteite**/**opstelle**/**briewe**
- **Mondelinge** voorbereiding

‘N ASSESSERINGSPLAN SAL AAN ELKE KIND GEGEE WORD

Hierdie assesseringsplan is ‘n aanduiding van die tipe formele assesserings wat verwag kan word en wanneer dit verwag kan word. Die assesserings is egter onderworpe aan verandering aangesien eksterne faktore soos assesserings deur die Departement van Onderwys nog nie bekend is nie en eers naby die datum wanneer die assesserings gedoen moet word, by die skool aankom.

TERUGVOER OOR U KIND SE HUISWERK

As ‘n kind probleme met ‘n stuk huiswerk ondervind, moet hy/sy die probleem met die onderwyser bespreek, of u mag dit self met die Departementshoof/Adjunkhoof bespreek.

MOET EK MY KIND MET HUISWERK HELP?

Huiswerk laat u toe om te sien wat u kind doen en om hulle leerwerk te ondersteun. Hierdie vennootskap tussen skool en huis is ‘n belangrike deel van suksesvolle opvoeding.

Ons is van mening dat kinders waarskynlik meer uit ‘n aktiwiteit sal kry as ouers betrokke raak – solank die ouers nie te veel oorneem nie!

Indien u onseker is oor hoeveel hulp om te gee, kan u dit met u kind se onderwyser bespreek. Hulle sal u graag adviseer en u help om die regte balans te vind.

Twaalf (12) dinge wat u kan doen om u kind te help leer!

1. Gee u kind **selfvertroue** deur baie **aanmoediging**.
   - U het ‘n ongelooflike vermoë om u kind se selfvertroue te verbeter – en selfvertroue is noodsaaklik om te kan leer.
   - Gee spesifieke aanmoediging wat op ‘n spesifieke aspek van die werk fokus. Kommentaar soos “Ek hou van die manier waarop jy ...” is meer effektief as “jy’s slim”.
2. **Lees** soveel moontlik vir, en saam met, jou kind. Luister hoe hy/sy lees, of moedig hom/haar aan om vir hom/haarself te lees, vir ten minste **15 minute per dag**. Onthou dat hulle nie van iets hou waarmee hulle sukkel nie, so dit is van die

uiterste belang om hulle gemotiveerd te hou. Navorsing het bewys dat leerders goed presteer as hulle vir ‘n troeteldier lees. Probeer dit ...

3. Moedig u kind aan om **waar te neem en te praat** oor wat hy/sy sien, voel, dink, ens.
    - Elke jong kind kan gehelp word om **kennisgewings** en **tekens** te lees en te verstaan wat dit beteken.
4. Maak gebruik van u plaaslike **biblioteek**.
    - Wees op die uitkyk vir **spesiale geleenthede** en **dienste** vir kinders.
5. Besoek **museums** en ander plekke wat jy dink jou kind interessant sal vind. Dit sal hulle help om in ‘n informele omgewing te leer en hulle algemene kennis uit te brei.
6. As u kind daarvan hou om **televisie** te kyk, kyk soms saam (maar beperk die televisiekyktyd) en praat daaroor. Kinders hou daarvan om hulle ervarings te deel en sal **baie baat by die bespreking**.
7. Probeer ‘n redelik **stil** en **geskikte** plek kry waar u kind kan **werk en wys dat u en al die gesinslede die huiswerkaktiwiteit hoog ag en respekteer**.
8. Probeer tyd maak om **u kind se huiswerkaktiwiteite te ondersteun** terwyl u ook **‘n mate van onafhanklikheid toelaat** waar toepaslik en afhangende van die ouderdom van die kind.
9. Moedig u kind aan om **huiswerk met u te bespreek**, insluitend **terugvoer** van onderwysers.
10. Probeer u kind **help** om die **genotvolle aspekte van huiswerk** in te sien.
11. Help u kind om die **belangrikheid van huiswerk** in te sien en leer hulle om meer **onafhanklik** te wees **en meer verantwoordelikheid** vir hulself **te aanvaar** namate hulle **ouer word**.
12. Sien toe dat u kind elke dag **huiswerk betyds voltooi en inhandig**. Huiswerk sal elke dag gegee word; maak seker dat u **die huiswerk elke dag kontroleer**.

Kontak asseblief u klasonderwyser indien u enige vrae of bekommernisse het. Ons wil graag hê dat u kind sukses behaal.
U kind se sukses is u sukses en ons sukses!

BEHOORT OUERS MET HUISWERK TE HELP?

Absoluut! U kind sal dit geniet om sy/haar aktiwiteite met u te deel en uit die gesprek leer. Dit sal ook uit die staanspoor toon dat u waarde heg aan wat hulle in die skool doen en goeie gewoontes vir die toekoms vestig.

VOLTOOI ASSEBLIEF DIE VORM HIERONDER EN STUUR DIT TERUG NA DIE SKOOL. DIT SAL OP LÊER GEHOU WORD EN VORM 'N BELANGRIKE DEEL VAN ONS HUISWERKOOREENKOMS.

----------✂----------✂----------✂----------

HUISWERKOOREENKOMS

Kind se Naam _____ Graad _____

OUER

Ek het die huiswerkooreenkoms gelees en ondersteun dit en erken die belangrike rol wat dit in my kind se opvoedkundige ontwikkeling speel. Ek is verbind tot my kind se opvoeding en verstaan dat ek 'n belangrike rol in sy/haar sukses speel.

Geteken _____ Ouer/Voog Datum _____

KIND

Ek sal my huiswerk elke dag doen.

Geteken _____ Kind Datum _____

Indien die kind nog te jonk is om te teken, kan u as ouer verduidelik wat dit beteken en namens hom/haar teken.

Dit sal hopelik 'n mate van verantwoordelikheid en eienaarskap in die gemoed van selfs baie jong leerders vestig.

RIGLYNE OOR HOEVEEL TYD OM AAN HUISWERK TE SPANDEER

(Neem asseblief kennis dat, alhoewel dit as ‘n riglyn kan dien, dit nie moontlik is om te waarborg dat die tydstoedeling elke dag 100% van toepassing is op elke kind nie.)

GRAAD	**TYD PER DAG**
1	± 45 minute
2	± 60 minute
3	± 60 minute
4	± 90 minute
5	± 2 uur
6	± 2 uur
7	± 2 uur
8	± 2½ uur
9	± 2½ uur
10	± 3 uur
11	± 3 uur
12	± 3½ uur